
# Moderne aanslag verwelkom


Haig Fourie se "Wag vir kos".


Jan Jacobs se "Sliced up head".

VANDERBIJLPARK. - Die Vanderbijlparkse Fotografiese Vereniging, tuiste van aktiewe amateur fotograwe, het tydens die Maart-klubaand lede van die Vereeniging Fotografiese Vereniging verwelkom om as beoordelaars op te tree.

Die maand-tema was portrette (slegs mense) en die beoordelaars het 'n moeilike taak op hande gehad.


Reneé Storme se "Reflecting".

Henk Scheepers was die wenner in die afdeling en Renee Storme se ***Reflecting*** die naaswenner. In die monochroom-afdeling (swat en wit) is senior-fotograaf Brenda Karsten se ***She loves ice cream*** as wenner aangewys.


In die senior ope-afdeling waar enige foto ingeskryf kan word, was Haig Fourie se ***Wag vir kos*** die wenfoto. Haig is 'n uitstekende fotograaf wat hom veral op makro-fotografie toespits. In die tweede plek was Hennie Karsten se ***Sonstrale op die rots.***

In die junior ope-afdeling was Susan Jacobs se ***Jong bulgeveg*** die wenfoto en Jaco Kloppers se ***Fixing a broken apple*** die naaswenner. Die klub bied nou ook 'n nuwe kategorie - Visual arts/composites - waar innoverende fotograwe hulle kan uitleef. Jan Jacobs se ***Sliced up head*** is as die wenfoto in hierdie kategorie aangewys.

** Die volgende klubaand vind plaas op 20 April en die tema van die maandonderwerp is "Captivity". Belangstellendes kan Johan Brits by 082 718 8394 of tsawa@yebo.co.za kontak. Besoek gerus die klub se nuwe, moderne webblad http://www.vdbp-photo.org.*


*Wenfoto's kan ook hier besigtig word.*

*Besoek ook hul facebookblad by https://www.facebook.com/VdbpPhotoClub waar daar gereeld interessante wenke opgelaai word.*


Susan Jacobs se "Jong bulgeveg".


Brenda Karsten se "She loves ice cream".


Hennie Karsten se "Sonstrale op die rots".


Jaco Kloppers se "Fixing a broken apple".